



FRANSE SENDING

Kindereuangelisasie (CEF)



Ds Johan en Rita Bloemhof
Daaglikse Gebedsversoeke

JANUARIE - FEBRUARIE - MAART 2020

Baie dankie vir jou aktiewe deelname aan die uitbreiding van God se Koninkryk in Frankryk deur voorbidding en gawes.



Wees GEREED vir Jesus se wederkoms. 'n Nuwe jaar van God se genade. 'n Tyd om nog mee te werk aan sy plan van redding vir die nasies voor Hy op die wolke verskyn. In sy profetiese redes is daar 'n dringende uitnodiging om gereed te wees wanneer Hy kom. Om dit te verwag, getrou te volhard en sy wil te doen. Maar daar is ook duidelik die lering van skeiding - einde van die genadetyd. Een mens op die bed gaan saam met Hom en die ander een bly agter. Almal wat sy genadehand in die geloof aanvaar het gaan saam MAAR almal wat Hom nie ken nie sal 'huil en op hulle tande kners'... Dit is dan vir ewig te laat! In hierdie TUSSENTYD gee God ons nog 'n geleentheid om 'n verskil in die wêreld te maak - 'n onafgehandelde taak. 'n Sendingtaak.

Johan en Rita BLOEMHOF

RSA DEPUTASIE-program hieronder:

JANUARIE 2020

“Uit God en deur Hom en tot Hom is alle dinge. Aan HOM behoort die heerlijkheid tot in alle ewigheid!”

Rom. 11.36

1-2 Mag jy gedurende 2020 elke dag God se teenwoordigheid en goedheid ervaar.

3-4 Hélène-Laure verjaar die 4e. Loof die Here vir haar en haar man Timothée se liefde vir God. Bid dat die Here hulle elke dag geestelik sal skool deur die Bybel en hulle huwelik seën. Dank God vir hulle stralende seuntjie **Théo**(3). Bid dat hy jonk God se hand van liefde deur persoonlike geloof in Jesus sal neem en sy hele lewe aan Hom toevertrou.

5-6 Johan Bloemhof. Dank die Here vir geleenthede om God te dien en vir gesondheid.

7-8 Somerset-Wes Deputasie Bybelstudie optrede. Bid dat God verheerlik word, dat Hy harte aanraak en nuwe medewerkers roep.

9-10 Plaaslike Franse gemeente. Dank die Here vir 'n wonderlike familie in Christus. Bid vir groter euangelisasie-ywer en onderskeiding van God se wil vir gemeente-euangelisasie in 2020.

11-12 (12e)8h30 en 10h Eredienste NGK STRAND-NOORD. Johan preek en vertel wat God verrig. Dank die Here vir die gemeente se sendingvisie en deelname in die Franse Sending.

13-14 Moontlike gloukoom operasie. Johan oorweeg die moontlikheid van 'n laser gloukoomoperasie. Vandag(13e) 'n afspraak met 'n oogkundige in Somerset-Wes. Bid vir wysheid en onderskeiding van God se wil.

15-16 Kersfeeskubs. Loof die Here vir al die kinders wat op dié wyse in Desembermaand met die ewangelië in woonhuise, kerke en deur Internet bereik is. Bid vir die opvolgwerk, dat

gereelde Goeie Nuus klubs daaruit voortvloei. **17-18 Jongmense in ons huis.** Loof God vir Sarah se mooi getuënis. Sy bied ook VERITAS-klasse aan. Dank die Here vir haar Christenleuensmaat **Samuel**, wat ook bly in ons huis. Bid vir **Jessy** se bekering.

19-20 Rondebosch Deputasie 10h EREDIENS. Johan preek en vertel wat God verrig. Bid dat God verheerlik word, mense bemoedig word en vir meer medewerkers vir die Franse Sending.

- **Veritas Module 1 opleiding.** Dank die Here vir 'n twintigtal deelnemers uit twee gemeentes. Bid dat almal goed toegerus sal word om die Bybel te verstaan.

21-22 Deputasie AMETIS Strand (Huis vir bejaardes) **deputasie-optrede.** Dank die Here vir die bejaardes se getroue gebede en belangstelling in die Franse Sending.

23-24 NGK GRABOUW Deputasie (23e) 19h Franse Sendingaand. Dank die Here vir die gemeente se sendingvisie.

25-26 Deputasie EREDIENS 9h NGK Suiderstrand. Dank God vir die gemeente se sendingvisie vir die Franse Sending.

- **VERITAS Module 3.** Interpretasie van die Psalms, Wysheidliteratuur en die Profete. Bid vir Jean wat die kursus aanbied.

27-28 CEF Internet-webblad vir laerskoolkinders. Bid dat meer buitekerklike kinders op die wyse met die Goeie Nuus bereik word en vir die beraders wat die Bybelstudies nasien.

29-31 Geloofsending. Dank die Here vir elke gemeente en ondersteuner, bid dat Hy hulle sal seën.

FEBRUARIE 2020

“Nou weet ek dat U tot alles in staat is en dat U kan uitvoer wat U besluit.” Job 42.2

1-2 (2e)9h30 Erediens NGK SWELLEN DAM. Johan preek en vertel wat God verrig. Dank die Here vir die gemeente se sendingvisie. Bid dat die Ewangelië steeds verder sal versprei.

3-4 Internet (IB) bedieninge in Europa Miljoene Europese kinders het nog nooit die Evangelie een keer gehoor nie. Hoe sal hulle in God glo as hulle nie van Hom gehoor het nie? Bid dat die Here die Europese IB departement wysheid skenk en fondse voorsien om nuwe toepassings te ontwikkel.

- **Frankryk IB komitee Zoomvergadering.** Bid vir wysheid vir die pad vorentoe.

5-6 Rita Bloemhof. Bid dat ek alles wat ek doen in die gemeente, huis en kinderbediening van harte doen vir die Here en nie vir mense nie. Dank God vir gesondheid. Negentien jaar van genade na die kanker.

7-8 Bid vir bekerings, **HERLEWING** en kerk inskakeling van die mense wat die Evangelie die afgelope 13 jaar ontvang het deur verspreidings regoor Frankryk en die eilande.

9-10 (9e) 9h Erediensoptrede NGK ONRUS Bid dat God verheerlik word in dit wat Johan deel oor die Franse Sending en vir die medewerkers. (10e) **Ons oudste kleinkind Anna word nege.** Dank die Here dat Sy vir Hom straal onder haar maats.

11-12 Meer werkers vir die oes. Bid dat die Here van die oes na die DRIE uitstaande onbereikte streke werkers sal stuur.

13-14 (14e) 9h NGK PARYS-WES. Dank die Here vir die gemeente se sendingvisie en deelname in die Franse Sending.

15-16 (16e) 8h30 Witbank-Klipfontein BASILEIA Gemeente. Dank die Here vir die gemeente se sendingvisie en aktiewe deelname aan die Franse Sending.

- **Veritas Module 1.** Bid dat almal goed toegerus sal word om die Bybel te verstaan.

17-18 Ontwikkeling. Loof die Here vir Johan se sekretaresse **Any** se ywer en werk.

19-20 CEF Frankryk Nasionale Direktrise Corinne RUHLAND. Bid asb vir haar gesondheid en wysheid.

21-22 BRETAGNE. Bid asb. steeds vir

kerkplanting by **PONTORSON.**

23-24 (23e) Deputasie Erediens NGK Lyttelton-Noord. Bid dat God verheerlik word, dat Hy harte aanraak en Hy nuwe medewerkers roep. - **VERITAS opleiding Module 3.** Bid vir Jean en dat die deelnemers sal groei in kennis van die interpretasie van **Spreuke.**

25-26 Timothée en Julie Bloemhof. Dank God vir hulle liefde vir Hom. Bid dat hulle bly groei in sy Woord en weet hoe om Eliott en Simon in sy weë op te voed. Bid asb. steeds vir genesing van Simon se niere.

27-28 Ons kleinkind Ruben is 6 jaar oud. Dank God vir sy lewensvreugde. Bid vir sy bekering en goeie vordering op skool.

29 Geloofsending. Loof die Here vir Sy getroue voorsiening oor al die jare en vir elke ondersteuner. Bid dat die Here hulle sal seën.

MAART 2020

"Elkeen het 'n siter en 'n goue bak vol wierook gehad, die **gebede van die gelowiges**" Openb 5.8b

1-2 (1e) NGK THABAZIMBI Dank die Here vir die gemeente se sendingvisie en aktiewe deelname in die Franse Sending.

3-4 Europese INTERNET-bediensings. Bid vir begaafde jongmense wat nuwe toepassings kan ontwikkel vir slimfone. Bid dat God se wil duidelik word en vir eenheid op Europese vlak. **5-6 NOYON** (Calvyn se geboortedorp) Dank die Here dat die gemeente bly groei.

7-8 Marcel en Elise Bloemhof. Dank God vir hulle aktiewe deelname in die gemeente. Dank vir die stabilisering in Elise se gesondheid.

9-10 (8e) 9h NGK Nigel-Oos. Johan preek en vertel. Dank die Here vir die jarelange band. Bid asb vir 'n veilige vlug na Frankryk.

11-12 Jean, Holly, Anna en Sophie. Dank die Here vir hulle liefde vir Hom. Bid vir seëninge op hulle bediening. Dank die Here dat hulle Anna en Sophie in sy weë opvoed.

13-14 Webblad-beraders. Bid vir die roeping van meer beraders. Dank God vir almal wat getrou volhard – bid vir moed en krag.

15-16 Uitreik in September in Korsika-eiland. Bid vir uitreikers, dat die Here voorsien in die kostes en vir redding van baie mense.

17-18 Bid vir bekering van gesinne wat die Evangelie tydens die **uitreik** sal ontvang.

19-20 Loof die Here vir Sy getrouheid oor die 36 jaar se bediening in Frankryk.

21-22 VERITAS opleiding (Module 3). Bid dat elkeen van die deelnemers sal groei in die studie en interpretasie van die Bybel.

23-24 Dank die Here vir elke ondersteuner en medewerker.

25-26 Bid dat God in alles wat ons doen verheerlik word en dat sy Koninkryk kom. **Soli Deo Gloria.** Aan God alleen AL die eer.

27-28 Bid al ons ag kleinkinders God se genadehand sal neem.

29-31 Loof die Here vir Sy getrouheid oor al die jare deurdat Hy elke dag in ons lewens- en bedieningbehoefte voorsien. Bid dat Hy die bydraers ryklik sal seën.

BYDRAES PER TJEK:

Maak asb. uit aan "Child Evangelism Fellowship" Spesifiseer asb. VIR "ds J. F. Bloemhof Nr 30" / Stuur u tjek bydraes aan CEF SA, Posbus 3139, Somerset-Wes 7129 Navrae: Dr Ernest van Zyl 081 736 7679 E-pos: cefsafinance@gmail.com Faks 086 540 6700 vir 'n amptelike kwitansie.

BANK/INTERNET of STOPORDER betalings: Bank: FNB Rek. naam: Child Evangelism Fellowship; Verwysing: Meld asb. u NAAM en VAN en sê:" VIR ds J.F. Bloemhof nr 30"

Takkode: 200912 Rek. nr.: 53 800 042 847. Stuur 'n afskrif van u inbetalings aan bg. adres vir 'n amptelike kwitansie.

DEBIETORDERS:

U kan ook die CEF SA kantoor skakel (081 736 7679) of e-pos cefsafinance@gmail.com en 'n DEBIETORDER vorm aanvra indien u op hierdie wyse die bediening **maandeliks wil ondersteun. Spesifiseer asb. dat u 'n vorm** aanvra vir die CEF Bediening van **Ds Bloemhof**